



Rietfluit familiebrief

JUNIE 2005

Inhoud

2005 Jeugjaar



Saamstaan, ondersteuning en medewerking die resep vir jeugontwikkeling en

groeï.

'n Anonieme denker meld: Dink daaraan wanneer jy met 'n ander se karakter besig is, dat jy net jouself as norm het vir die produk wat gaan volg.

PADLANGS DEUR PSALMS

Psalm 103:2-5

Bederf jouself, dis ook 'n weldaad!! "... Elders in die Woord lees ons dat God ons alles ryklik gee om te **GENIET**

".....wat my die goeie in oorvloed laat geniet."

Ons moet dit duidelik stel dat die lewe bedoel is om te geniet, vriend - dit is God se hele plan. Nie net om te oorleef nie, nie net om deur te skuur nie, nie net om "tussen die boom

en die bas", "arm maar darem", of "tussen die vloer en die politoer" te wees nie! Ja, so antwoord hulle soms in Suid-Afrika as jy vra hoe dit gaan!

Nee man, die lewe is daar om te geniet! Jy moenie 'n misverstand of 'n skuldgevoel hieroor hê nie. Moet tog nooit die Here se seën in jou lewe minag of gering ag nie - geniet dit! En daar is altyd iets om te geniet. Leer aan om die klein dingetjies te geniet: die reuk en smaak van regte koffie, die lekkerte van 'n skoon vel papier en 'n regte pen, 'n nuwe boek, die reuke van die lente, die soelheid van die wintermiddag, die snaaksheid van mense, die mooi van 'n baba en die pekaters (daar is mos so 'n woord) van kleuters, skoon lakens, die sagtheid van die kombes, die ontspanning van 'n tien minute breek. Die lys is eindeloos. Wanneer laas het jy na die patrone gekyk wat die wolke maak, jou verlustig in die natuur, na die see sit en kyk vir 'n uur? Niks hiervan kos eintlik geld nie, maar verskaf eindelose genot - vir ryk en arm gelyk, vir siek en gesond. Begin asb. nou raaksien dat JY OOK die lewe kan geniet.

Here, vergewe my dat ek nie U goedheid bemerk nie, en dikwels ook nie my lewe geniet nie. AMEN.

Oase vir Ouers



Oplossings vir uitgebrande ouers (2)

Wanneer die energieverbruik groter is as die voorraad van energie, is dit die begin van uitbranding. Wanneer ouers uitgebrand is, is die wonderlike jare van ouerskap alles behalwe 'n vreugde. Dan word dit met 'n gesug en stress gedoen.

Omdat jou kragte en tyd spandeer word aan 'n duisend-en-een ander "belangrike" dinge word die belangrikste roeping van ouerskap, een groot frustrasie. Hierdie toestand word gekenmerk deur gedurige geskreeu, neul, dreig en foutvind van die ouer se kant.

Die lewe hoef nie so te wees nie. Ons is grootliks self verantwoordelik vir die groot aantal "commitments" wat ons maak. Somtyds belangrike goed, maar dinge wat nie naastenby opweeg teen die belangrike taak van ouerskap nie.

Jy sê moontlik: maar alles is so belangrik waarby ek betrokke is. Indien ek van hierdie dinge los of afskaal gaan dit my benadeel. Dit gaan verseker 'n prys kos om 'n beter kwaliteit en vreugdevoller ouerskap te implementeer. Dit is jou keuse!

Paulus sê in Titus 2:11-12 **Die genade voed ons op om ...die begeerlikhede te laat vaar...en met selfbeheersing in die teenswoordige wêreld te lewe.** Selfbeheersing begin waar ons leer om *nee* te sê vir allerlei dinge (selfs lekker en mooi dinge) en ja sê vir 'n ordeliker bestaan, waar ons nie geleef word nie.

Oplossing:

1. Vra vir jou huweliksmaat of hy/sy uitbranding beleef? Bespreek dit met mekaar, asook wat julle daaraan gaan doen.
2. In die toekoms bid *eers* voordat jy vir enige saak ja sê en jou "commit".
3. Soek hulp en leiding as jou lewe chaos is en jy beheer verloor het (jy is dit aan die Here, jouself en jou gesin verskuldig).
4. Die keuse wat jy nou (en elke dag) maak gaan jou ouerskap verseker beïnvloed.

Daar is 'n tyd vir alles (Pred 3:1)

Gaan voluit vir vreugdevolle ouerskap !


ds Leon van Heerden

Die geseënde voordele van kleingroepe

1 Die belewing van warmte en naby-verhoudings

Ons leef in 'n tyd van individualisme, waar mense in die dulle gejaag verby mekaar leef en die diep behoefte aan betekenisvolle naby-verhoudings onderdruk of ontken.

Die omgegroepe- of sel bied aan die gejaagde moderne mens die wonderlike geleentheid om die warmte van egte samesyn en omgee vir mekaar te ervaar.



2 Die vorming van geestelike vriendskappe

By die werk en ander plekke word gewoonlik vriendskappe met mense gevorm wat nie regtig oortuigde christene is nie. Die kleingroep verbind mense tot 'n geestelike familie, waarbinne sterker bande as enige ander plek ontwikkel. Hier word mede-gelowiges jou broer/suster en jou beste vriende. Dit is 'n veilige ruimte waar jy net jouself kan wees !

3 Die bevordering van geestelike groei

Daar word op so 'n praktiese manier oor die Woord nagedink en saam bespreek, dat dit 'n mens help om dit regtig te kan toepas in die lewe van elke dag. Nie alleen leer 'n mens die Bybel beter verstaan nie, maar die lede word al hoe vrymoediger om hul sienings met mekaar te deel.

Dit kleingroep is die oefenruimte vir ons geestelike lewe. Mense leer spontaan saam praat, getuig en selfs bid. Die een se voorbeeld kan so inspirerend wees om jou ook te verander. Hier leer ons om meer vrug te dra soos dit die Here se begeerte vir ons is.

4 Dit bevorder huweliks- en gesinsverhoudinge

Man en vrou word weer om die Woord een en 'n nuwe geestelike dimensie word in verhoudinge beleef. Sommige huweliksmaats beleef vir die eerste keer die wonder om vir mekaar te kan bid.

In hierdie klein en intieme kring word huwelike nie net versterk nie, maar word ook oor mekaar se huwelike gewaak.

Kinders leer die werking van die Gees eerstehands ken en groei so in die teenwoordigheid van die Here op. Die kleingroep skep 'n gespreksbasis tussen ouers en kinders.

5 Nog vele meer

- Mense leer om hul gawes te ontdek en dit vir Here te gebruik in die kleingroep.
- Mense ervaar die vreugde van lofprijsing en aanbidding.
- Sommige lede groei en kry indiensopleiding om mettertyd tot leiers te ontwikkel.
- Uitreik na mense wat die Here nog nie ken nie, asook nasorg van jong bekeerlinge geskied op sy beste ook in die kleingroep.
- Inskakeling van nuwe intrekkers by kleingroepe help hulle om gou tuis te voel en aktief betrokke te raak by die gemeente se werksaamhede.

Jy is welkom om by enige van die kleingroepe in te skakel! Ons hart is wyd oop vir jou!

Ons wil nie dat jy hierdie wonderlike seëninge misloop nie. Kom deel saam met ons daarin.

ds Leon van Heerden

Media biblioteek



Johanna

- Geestelike boeke in 'n goeie toestand (alle boeke wat geplaaas word, gaan deur 'n keuringsproses)
- Tydskrifte: Maksiman, Finesse, Die Lig


Uitneemtye:

Dinsdae: 11:00 – 11:30

Sondae: 10:00 – 10:30

- **Biblioteekversoeke:** Vrywilligers om biblioteekdiens te doen – skakel asb vir Koen by die Kerkkantoor (331 3531)





Gemeentebediening

Hierdie Bediening het onlangs baie aandag gegee aan 'n nuwe wyksbediening vir die Gemeente en dit is met groot sukses afgehandel en goedgekeur deur die Kerkraad.

Die Gemeente kan verseker wees dat indien daar sake na hierdie Bediening verwys word, sal dit met groot aandag hanteer word en 'n oplossing sal gesoek


word om almal te bevredig. Terloops, indien daar sake is wat na u mening aandag behoort te kry, verneem ons baie graag van u in hierdie verband.

Daar word deurlopend aandag gegee om kerkraadslede behoorlik toe te rus sodat almal eenvormig kan saamwerk om waarlik te werk en te leef tot uitbouing van Gods Koninkryk en daardeur Sy Naam verheerlik.

Van **20 – 22 Junie** gaan ons predikante 'n **Nasionale Predikante Konferensie** in Bloemfontein bywoon om sake te bespreek en oplossings te vind vir probleme in die kerk in die algemeen.

U kan verseker wees dat hierdie Bediening die visie van die Gemeente gedurig in gedagte hou en daarvolgens optree.

Navrae kan gerig word aan Danie de Bruin – 331 1022



Brood vir Nood

Die vraag na hulp word al hoe meer, daarom wil ons u almal bedank wat gereeld kosbydraes maak. Elke 2de week word kospakkies voorsien aan die hongerlydendes en haweloses by die

CMR-kantoor. Ds. Leon van Heerden hou ereediens vir hulle in die konsistorie om hul geestelik te versterk en moed in te praat. Daar word gesoek na 'n persoon wat 'n swart taal magtig is om die komitee by te staan met kommunikasie aan die anderskleuriges.

Huis Yana

Pierre Malan, koördineerder van die komitee, was in die hospitaal en ons wens hom 'n spoedige herstel toe. Daar is 'n versoek van Huis Yana ontvang waarin hulle vra vir tweedehandse enkelbed lakens en handdoeke. Die inwoners van Huis Yana het geen inkomste nie en ontvang ook geen bydrae van die Staat nie, daarom vra ons die gemeente vir donasies van watter aard ookal.

Werksklas

Al die masjiene is gediens en daar word vlot gewerk.

Diens van Barmhartigheid



Jakaranda Kinderhuis - Huis 4

'n Gemeentelid het die kinders op 'n uitstappie geneem. Die kinders het dit baie geniet en die gebaar waardeer.

Koskas

Niemand hoef broodgebrek te ly nie want daar word voorsiening gemaak dat enkelpersone en gesinne na behoefte van kospakkies voorsien kan word!! Hier word die leuse vir die gemeente uitgeleef, naamlik om vir mekaar om te gee deur ook in die liggaamlike behoeftes van ons gemeentelede om te sien. Persone wat hul tans in moeilike omstandighede bevind, kan selfs op anonieme basis om voedselhulp aansoek doen.



GEBEDSBEDIENING

Daar is op 13 Mei 2005 aktief aan die 24 uur gebedsketting deelgeneem en ons glo dat die gebaar met groot geestelike seën vir elke deelnemer gepaard gaan.

Die gebedskamer (langs die konsistorie) is tot die hele gemeente se beskikking. U word veral uitgenooi om voor die oggend- en aanddienste daar te gaan bid vir seën op die dienste, die Here se leiding aan die predikers en dat elkeen wat die Woord hoor, met hart en siel daarop ingestel sal wees.

'n Preek oor gebed en 'n gebedseminaar word beplan.

Die gebedsprogram verskyn gereeld in die *Rietfluit*. Geskrewe gebedsversoeke rakende gemeentesake wat u graag vir 'n sekere datum op die program geplaas wil hê (bv. huweliksweek) kan u aan Johanna Koen by die Kerkkantoor (331 3531) afgee of vir Japie le Grange (331 3953) deurgee. Aangesien dit vooruit saamgestel word, moet versoeke asb vroegtydig voorgelê word.

Elke lidmaat is só welkom om Woensdag-aande om 18:45 in die konsistorie te kom saambid.



*Glimlag is aansteeklik-
Jy vang dit soos 'n verkoue.
Toe iemand vir my glimlag vandag,
Doen ek toe ook so -*

*Ek loop om die hoek
En iemand sien my mondhoëke trek*

*Toe hy glimlag, weet ek wel
Ek het dit sowaar aangestuur*

*Ek dink toe oor die skramse lag,
En besef toe duidelik die krag!*

*'n Enkel glimlag, kan die wêreld omwentel
So indien jy die skalkse amper lag voel aankruip>
- begin die epidemie en kry die wêreld glimlag -geaffekteerd!!*

